# 22 Julie 2023 - Lesing 80 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Verklaring van die vele sterfgevalle: Die sluiting van die poorte na die hiernamaals – 21/7/58

**NO: 7170** Die poorte wat die toegang was van die siele na die ryk hierna, **sal vir 'n lang tyd gesluit word**. Dit sal net vir diegene begryplik wees wat weet dat daar 'n verlossingsperiode ten einde loop; wat sal weet dat hierdie periode **eindig met die hernieude kluistering van die geestelike wat as mens gefaal het** met hul wilsproef, wat weer weggesink het in die diepte en daarom opnuut die eindelose lange ontwikkelingsgang deur die skeppings van die nuwe aarde sal moet gaan.

Totdat die einde aangebreek het, sal die hemelse poorte geopen bly na die ryk hierna. Dit wil sê: julle, wat tot dan toe nog van hierdie aarde weggeneem gaan word, **word opgeneem in die ryk hierna**, in die ryk van die geeste en julle het nog 'n kort tydjie tot jul beskikking, om julleself uit die duisternis na die lig omhoog te werk, waarby julle baie hulp gebied sal word, sodat julle nie nog in die ryk hierna in die diepte val en dan dieselfde lot moet ondergaan, naamlik om gekluister te word in vaste materie nie.

**Dit is dus 'n baie groot genade, wanneer mense, wat 'n onryp gees het, nog weggeroep word**; wanneer hulle nie tot aan die einde van hierdie aarde hul aardse lewe behou nie en daar dan skaars nog 'n moontlikheid vir hulle sou wees dat hulle die weg na God kon vind en Hom aanroep om erbarming.

En daar is tans baie mense op aarde, wat maar net onverskillig is, as om hulle te verbind tot die rypword van hul siel, **wat egter ook nie by die sataniese kamp getel kan word nie**, maar wat in die grootste gevaar verkeer om nog aan hom ten prooi te val voor die einde. En hulle wil God nog 'n geleentheid gee om hulle toestand van rypheid 'n bietjie te vergroot. **En daarom roep Hy hulle voortydig weg.**

Want onherroeplik loop die tyd van verlossing ten einde, wat aan die mens as beliggaamde geestelike toegestaan is. En wat dit beteken kan 'n mens slegs selde verstaan. **Want ook in die geestelike ryk sal daar 'n skeiding van geeste plaasvind**. Ook in die ryk hierna verblyf nog ontelbare siele in die diepste duisternis, by wie alle verlossingspogings tevergeefs was en hulle daarom ook die lot van diegene sal moet deel, diegene **wie opnuut in die materie gekluister gaan word.**

***Openbaring_20:13*** *En die see (**nasies**) het die dode (**geestelike dooies**) gegee wat in hom was, en die Dood (**die siele in duister en skemer**) en die Doderyk/ Sheol (**die siele in die hel**) het die dode (geestelike **dooies**) gegee wat in haar was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke (gekluister **in die verskillende materie vorms**). [2 Ezra 7:32]*

**Daarom vind daar ook in die ryk hierna ywerige verlossingswerk plaas**, ook aan die siele in die duisternis word die evangelie gepredik. Dit wil sê, hulle word die moontlikheid gebied om dit te hoor, maar hulle word nie daartoe gedwing nie. Alles word probeer om nog te red wat moontlik is, omdat God elke siel sou wil help om nog in hierdie verlossings-periode 'n liggie te ontvang, **omdat Sy oneindige Liefde elke siel hierdie verskriklike lot sou wil bespaar**, wat vir diegene beskore is wat hulleself nog heeltemal in die hande van die teenstander bevind en van wie hulle ontruk moet word.

Maar wie op hoogte is van hulle lot, sal ook 'n sekere troos daarin vind, wanneer God voortydig mense uit die lewe wegroep, omdat hy dan ook weet, **dat dit 'n werk van erbarming is ten behoewe van sulke siele, sodat hulle die verskriklike lot kan ontkom.** Want elke siel word in die hiernamaals deur uitermate hulp-vaardige ligwesens bewerk en alles moontlik word gedoen om hulle treë enigsins omhoog te lei. Want dan het hulle die gevaar ontsnap om in die diepte terug te sink en dan bly hulle die hernieude gang oor die aarde gespaar.

Maar met die einde van die aarde is ook hierdie moontlikheid verby om in die geestelike ryk opgeneem te word om verder ryp te kan word, **want aan die einde sal daar slegs satanies gerigte mense wees, naas die klein skare van hulle wat God trou gebly het en wat Hy Self sal kom haal op die dag van die oordeel**.

En daarom moet elkeen dankbaar wees wat die einde nie hoef mee te maak nie, want vir hom skyn daar 'n straal van hoop, omdat hy genade gevind het en nie verlore hoef te gaan nie. Amein.

Reiniging van die aarde – 1 /8 /58

**NO: 7179** En daar sal weer 'n nuwe aarde wees en die mense daarop sal innig met My verbonde wees en **lewe volgens My ewige ordening**.

Maar die toestand kan alleenlik nog bereik word deur 'n reiniging van hierdie aarde - sodat die ou aarde weer in 'n toestand gebring kan word **waarin alles korrek georden kan wees.** Dit beteken egter nie dat hierdie orde op die teenwoordige aarde herstel sal kan word nie, wat baie mense graag sou wou, omdat die gedagte aan 'n einde van hierdie aarde nie by hulle opkom nie.

Die **komende reiniging sal deeglik wees** en sal homself by die mense voltrek wat nie meer lewe volgens My ewige orde nie. Dit sal egter ook die skeppingswerke bevat, omdat die daarin gekluisterde geestelike **nuwe omvormings nodig het** om tot 'n vinniger, geestelik opwaartse ontwikkeling te kom. Want Ek het vooraf alles bedink t.o.v. die geestelike wat al lank genoeg gesmag het in die harde materie,

om uiteindelik ook op die weg omhoog te mag gaan.

**Daar sal nimmermeer op hierdie aarde 'n ommekeer tot My plaasvind nie**, omdat My teenstander deur die mense self in sy mag gesterk word, wat Hy egter slegs sal aanwend om 'n nog groter afval van My te bereik.

Maar as die teenstander self, saam met alles wat aan hom onderdanig is, nie gekluister word nie, sal die geestelike peil nie net so laag bly as wat dit reeds is nie, **maar dit sal steeds nog erger word**. **En dan kan geen harmonieuse toestand op aarde meer verwag word nie.**

Daarom sal Ek 'n deeglike reiniging teweegbring. Alles op aarde wat iets geestelik in homself berg, los Ek op en **laat 'n nuwe aarde ontstaan**, **met heeltemal nuwe skeppings, wat weer deur die geestelike betrek kan word ten behoewe van hulle vêrdere ontwikkeling**.

En Ek sal die aarde slegs met mense bevolk wie se graad van ontwikkeling sodanig is, dat hulle 'n salige lewe in die paradys sal kan verdra. **Dus met mense, wie in die laaste stryd op hierdie aarde My trou tersyde gestaan het en wie Ek daarom as stamouers van die nuwe mensegeslag op die nuwe aarde kan plaas.**

Elke nuwe skeppingsperiode begin met 'n geestelik ontwikkelde geslag, wat dan weer op die navolgende geslagte moet inwerk om hulle ook weg omhoog te toon en om hulle in hulle voleinding te help.

En omdat My teenstander nou gekluister sal wees, sal die mense aanvanklik nie meer deur hom bedreig word nie. Dit sal daarom vir 'n lang tyd 'n paradys-agtige toestand bly waarin al die geskapenes, mense en diere, **in harmonie en vrede sal saamlewe**, waarin die liefde die mense tot 'n voortdurende verbinding met My sal dryf en waarin Ek sodoende by hulle teenwoordig kan wees. En die mense sal salig wees, totdat daar weer eenmaal 'n tyd sal kom dat die verbinding sal verslap en **waarin die materie weer haar aantrekkingskrag sal uitoefen en die mense deur hulle begeertes die kettings weer sal losmaak van My teenstander**, sonder dat Ek hulle daarin sal hinder. Want die beproewing van die vrye wil, van die wat tevore heeltemal tot My bekeer was, sal dan weer nodig wees.

Elke verlossingsperiode bring baie van die eens gevalle geestelike terug na My. Sou Ek egter aan hierdie huidige toestand geen einde maak nie, dan was daar waarlik geen geestelike sukses meer te behaal nie.

Ek het die teenstander netso die reg gegee om vir die wesens te veg. Hy misbruik egter sy reg deurdat hy die grense van sy bevoegdheid te buite gaan, deurdat hy probeer verhinder dat die mense enige kennis oor My ontvang, hulle God en Skepper van ewigheid.

**Maar die aardse lewe is aan die mense gegee om te kies aan watter meester hulle wil behoort**. En daarom moet hulle ook oor beide meesters ingelig wees, wat My teenstander egter met alle moontlike middele probeer verhinder.

En daarom maak Ek 'n einde aan sy aktiwiteite en hy sal weer tesame met sy aanhang gekluister word. Ek herstel in die eerste plek oral die wetlike orde om aan al die gevallenes die opwaartse ontwikkeling te waarborg, soos wat dit My plan was sedert ewigheid. Amein.